

Geïsoleerde vrugte kom nie voor nie.

Teks: Johannes 15: 1 - 26 & Sondag 24
Teksvers Johannes 15: 5

1. Inleiding

Mense kan deur vrees beheer word om enige iets te doen. 'n Gewilde gesegde in ons tyd. Miskien ook selfs gewilde optrede in ons tyd? Ongelukkig ook iets wat ons gereeld in die geloofswêreld aantref. Veral ander gelowe maak baie van die vrees, wat mense tot optrede en uiteindelik algehele oorgawe dwing. Ons ken hierdie voorkoms by kultes en sektes waar 'n leier gewoonlik volgelinge met 'n yster hand regeer. Maar soms beweeg hierdie voorkoms ongemaklik naby aan ons.

In die 16de eeu was dit veral hierdie dwaalleer wat ook die kerk begin insypel het. Die idee dat my eie werke nodig is om my te red. Dat ek ondanks my verlossing in Christus ook nog 'n goeie maat goeie werke moet doen om gered te word nie. Ook vandag in denominasies rondom ons sien ons soms by ywer onder lidmate. Ywer wat soos die van die moslem 'n mens soms skaam en skuldig laat voel.

Maar hierdie ander denominasies het dan dikwels sterk wederdoperse invloed. En die werke is dan gevolglike net soos by die moslem pogings om jou verlossing en redding te probeer verdien. Iets wat natuurlik duidelike dwaalleer onder ons gelede is. Maar dit is juis waar ons dan vraag 64 van Sondag 24 uit die kategismus raakloop vanoggend. Want toe die Roomse kerk op hierdie sake gewys is, het hulle juis op hierdie manier gereageer.

Hulle het gewonder of indien hulle die werke vir verlossing laat vaar, die mens geen aansporing meer gaan hê om goed te doen nie. Maar uiteindelik is daar 'n ander rede waarom mense wat die waarheid van redding deur geloof alleen aanhang ook dan wel goed doen. Kom ons ondersoek hierdie rede uit die onderrig van Christus self in Johannes 15.

2. Verdorwe genetica

Die probleem met optrede uit vrees, is dat dit onderhou moet word. Die vrees kan nooit weggeneem word, want dan sal die optrede ophou. Met ander woorde 'n mens kan nooit toelaat die mense wat beheer word, 'n gevoel kry dat die vrees oorwin is, of selfs oorwin kan word nie. In die geloofswêreld werk dit presies dieselfde. Die persoon wat gered wil word op grond van sy goeie daade het nooit sekerheid oor wanneer die goeie daade genoeg is nie.

Maar as hierdie vrees beginsel dan nie werk nie, wat werk dan wel. Die antwoord bring ons in die gebied van genetica. Die RNA (DNA) wat aan mens, dier en plant sekere eienskappe verskaf, en dan sekere optrede tot gevolg het. 'n Mens doen wat jy is word dikwels gêse, met ander woorde goeie mense doen goed en slegte mense doen goed. En dan as jy die saak van genetica bywerk, dan doen die kinders van slegte mense sleg en die kinders van goeie mense, goed.

Tog vat dit dan ook nie lank voor 'n mens in die gebied van die ander dwaalleer in beweeg nie. Die idee dat alle mense eintlik goed is. Dat ons almal eintlik van die ware wingerstok afstam. Die realiteit is eintlik eerder presies die teenoorgestelde. Ons is almal bose mense. Ons het almal verdorwe genetica in ons. Daarom is die mens voortdurend aangetrokke tot die boosheid. En 'n mens hoef dikwels net die eerste koerant op te slaan of nuus te kyk om die boosheid van die mense eerste hands te beleef. Dus is dit uiteindelik ook nie hierdie optrede uit wie jy is, wat troos en hoop bring nie. Inteendeel dit maak die prentjie eintlik net nog donkerder. Want soos ons in vraag 62 bely, is die mense se beste werke in hierdie lewe almal

onvolmaak en met sondes besmet. Want hierdie goeie werk kom uiteindelik voor uit verdorwe genetika.

3. Verlossende enting

Tog is alles nie verlore nie. Daar is hoop want daar is die ware wingerdstok. Ons Here Jesus Christus wat God is. Wat as deel van die drie-eenheid die bron van alle goed is. En dit is hierdie hoop wat Christus verkondig in ons teksgedeelte. Maar ons is nie van nature deel van die ware wingerdstok nie. Trouens geen natuurlik mens is van nature deel van die ware wingerdstok nie. Maar in ons teksgedeelte is die Apostels tog duidelik deel in vers 3

Sien ook in wynbou soos ander landbou bestaan die proses van enting. Dit is 'n presies waar 'n ander plant op 'n spesifieke manier ingevoeg word in 'n bestaande plant. Die plant groei dan uiteindelik vas in die plant waarin hy geënt is, so dat hulle later so een is, dat die verskil nie eers meer gesien kan word nie.

Dit is wat in die geloof gebeur in vers 3 sien ons dit gebeur wanneer die woorde van die evangelie 'n werklikheid word vir iemand. Dit gebeur net wanneer 'n ingeplante persoon uiteindelik die lewe uit die ware wingerdstok ontvang. Die lewe wat vir die mens verwerf is omdat Christus alle goeie daade wat nodig was om gered te word op homself geneem het.

Hy was volmaak gehoorsaam aan die woorde van sy Vader. Daarom is Sy sterwe uiteindelik die volmaakte offer vir ons. Die offer wat ons as swak sondaar mense vrykoop uit die hoop lote wat uiteindelik net bedoel is vir ewige vuur. Dus alhoewel ons soos die ganse mensdom oor swak genetika beskik het, kry ons 'n nuwe kans wanneer ons ingeënt word in die ware wingerdstok. Want dit is dan Sy ware goeie genetika wat uiteindelik ook in ons werk.

4. Goeie vrugte

Tog ten einde laaste is hierdie proses se einddoel nie tot ons voordeel nie. Wanneer laas het ons 'n paar treë terug geneem en hieroor gedink? Daar 'n plant vrugte tot Sy eie voordeel? Of lê die voordeel van die vrugte by die mens wat dit gebruik, of selfs by boer wat aanplant versorg en uiteindelik die vrug kan verkoop? Dit is

presies dieselfde met die vrugte van die ware wingerdstok.

Ons word nie gered bloot met ons eie voordeel in sig nie. Ons redding en verlossing pas ook baie mooi in die opsomming van die tien gebooe deur Jesus in Matteus 22:36: “‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. ³⁸Dit is die grootste en die eerste gebod. ³⁹En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’”

Sien ons goeie werke moet wees tot eer van die Here en uiteindelik tot voordeel van ons naaste. En dit is uiteindelik hier waar die rede vir goeie daade vandaan kom. Omdat die ware gelowige leef uit die ware wingerdstok, leef die liefde van die Here ook in hom/haar. Maar nie net in hom/haar nie ook deur hom/haar. En hierdie ware liefde kan nie ander as om goeie daade tot eer van die Here en voordeel van ons naaste te doen nie.

Daarom hou die argument dat indien die kerk nie gelowiges bang maak met veroordeling nie, hulle nie goeie daade uit mense sal kry nie, net nie water nie. Die ware gelowige wat uit genade alleen gered is, doen goeie daade uitdankbaarhied en omdat hy/sy in die liefde van Christus nie anders kan nie.

5. Slot

Ter afsluiting van die preek keer ons terug na die inleiding, en ons praat verder oor daardie idee dat die moslem of ander persoon wat vir sy geloof werk. Ons het inleiding gesê dat ons soms skuldig laat voel. Maar hierdie toewyding moet ons eintlik eerder hartseer as skuldig laat voel. Want die optrede word duidelik gedryf uit 'n vrees dat verlossing en redding net nie verwerf sal word nie.

Dit waaroor wel skuldig moet voel is die feit dat ons verlossing en redding soms vir ons so min werd is, Dat ons meeste van die tyd nie eers daaraan dink nie. Dat ons

uiteindelik die voorspelling dat daar uiteindelik geen ywer sal wees by mense wat uit geloof alleen gered is laat waar word.

Daarom moet die boodskap oor die ware wingerdstok, waarin ons die voorreg het om ingeplant te wees en die waarheid van Sondag 24, ons vanoggend weer tot nuwe optrede lei. Tot daardie opregte uitleef van die liefde van die Here wat in ons werk. Wat deur ons werk tot Sy eer en verheerliking.

Laastens kan ons afsluit met die gedagte dat die vrug nie op sy eie ontstaan nie. Sonder die ondersteuning en voeding van die plant sal daar geen vrugte wees nie. Daar is nie iets soos geïsoleerde vrugte nie. Daarom wanneer iemand reken dat hy/sy vrugte op julle eie los van die kerk kan dra, vrugte tot eer en verheerliking van die Here. Dan is hulle nie besig met die waarheid nie.

Amen